

2 Korintiërs 9:1-15

God gee in oorvloed sodat ons blymoedig kan gee

Inleiding:

- God gee in oorvloed.
 - Ons kan nie daarmee stry nie.
 - Alles wat ons elke dag het is juis 'n teken hiervan.
- God het voorsien dat jy vandag hier in die erediens kan wees.
 - God gee op soveel verskillende maniere waarop ons dan die genade van die Here kan raaksien.
 - Gesondheid, kos, werk, en soveel ander dinge.
- Daar is egter ook 'n doel wanneer God vir ons gee.
 - God vereis van ons om verantwoordelik te wees met dit wat vir ons gegee is.
 - God verwag van ons om vrygewig te wees met dit wat Hy vir ons gee.
 - God verwag van ons om vrygewig te gee sodat Hy daardeur verheerlik kan word.
- Daarom skryf Paulus ook hierdie brief aan die gemeente in Korinte.
- In hoofstukke 8 en 9 praat Paulus baie oor die gedagte van gee.
 - In hoofstuk 8 fokus Paulus sterk op die gedagte van Christus se vrygewigheid.
 - In 8:9 - *Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word.*
 - Dit gebruik Paulus as aansporing om vir die gemeente in Korinte te wys hoe die ander gemeentes gegee het.
 - Christus word gebruik as die voorbeeld van liefdeswerk.
 - Hierdie liefdeswerk word beskryf as geloof, ywer en kennis van God en daarmee saam dan die liefdeswerk in die vorm van finansiële gee.
 - In hoofstuk 9 spreek Paulus dan spesifiek die harte en gesindheid van Korinte aan.
 - Daarom word ons vanoggend net soos die gemeente in Korinte, herinner – God gee in oorvloed sodat ons blymoedig kan gee.
 - Ons word vanoggend verseker dat God vrygewig is.
 - Omdat ons na God se beeld geskep is, is ons ook vrygewig.
 - Daarom word ons opgeroep om vanuit ons harte, blymoedig te gee.

God is vrygewig

- Wanneer ons eienskappe van God opnoem staan ons gewoonlik by dieselfde eienskappe stil.
 - God is liefde.
 - God is genadig.
 - God is regverdig.
- Vrygewig is nie sommer bo aan die lys eienskappe nie.
 - Tog kan ons in al die ander eienskappe sien hoe God vrygewig is.
 - Die feit dat die Here vir ons genoeg gee, bevestig vir ons hoe vrygewig God is.
 - Hy is vrygewig in sy liefde en genade.
 - Maar dit is nie waar God stop in sy vrygewigheid nie.
- Alles wat jy het is te danke aan God en sy vrygewigheid.
 - God se vrygewigheid is nie net redding en genade en liefde nie.
 - Dit sluit ook alle fisiese dinge in wat ons het.
 - Jou kos, klere, kar, huis, selfoon is te danke aan die Here.
 - Nou kan jy dalk argumenteer – maar ek werk hard dit is hoekom ek al hierdie dinge het.
 - Wie het vir jou daardie werk gegee?
 - Ja, dit kom ook uit die hand van die Here uit.
- In soveel aspekte sien ons die vrygewigheid van God raak.
 - God skep vir Adam en Eva in die tuin en sê dan dat hulle van al die vrugte in die tuin mag eet, behalwe die boom van kennis van goed en kwaad.
 - Hierdie vrygewigheid stop nie met die sondeval nie.
 - Wanneer God vir Abraham later beveel om vir Isak te offer, voorsien God ook 'n skaapram om die offerdier te word.
 - Hy gee vir die volk manna en kwartels en water in die woestyn.
 - In Christus se wonderwerke sien ons dat Christus die brood en vis vermeerder dat daar selfs nog oorbly.
 - So sien ons deurlopend hoe dit deel van God se karakter is om te gee en om in oorfloed te gee.
- Ons het hierdie jaar in die prediking al verskeie kere gehoor het dat God nooit vra, sonder om te gee nie.
 - Glo in my, en dan gee God vir ons geloof.
- So is God se vrygewigheid 'n manier waarop ons daaglik versorg word, en God ons ook in staat stel om vir mekaar te sorg.
 - Verskeie kere verseker die Here vir ons dat Hy vir ons genoeg sal gee, tog het baie van ons dit al beleef dat ons dalk nie genoeg het nie.

- Wanneer dit die situasie is moet ons die vraag vra – Het God te min gegee, of is ek ontevrede met wat en hoeveel God gegee het?
- As ons sê God gee nie genoeg nie, dan is ons besig om kritiek te lewer op een van God se eienskappe.
 - As ons sê God is nie vrygewig nie, dan sê ons dat God 'n leuenaar is, en dit kan ons nie doen nie.
 - Die gevolg is dat die probleem by ons lê.
 - Ons is ontevrede met dit wat en hoe God gee.
 - Hiermee sê ek nie dis jou skuld as jou honger gaan slaap, jou aftrekorder nie deurgaang nie, of gebrek ly nie.
 - Die Here sorg.
 - Die Here gee.
 - Die Here gee dalk nie altyd direk vir jou nie, maar ander word geseën om vir jou 'n seën te wees.

God het jou vrygewig geskep

- Wanneer daar oor geld gepraat word, is dit altyd 'n ongemaklike gesprek.
 - Dit is nie net vandag so nie.
 - As ons die begin van die hoofstuk lees, sien ons dat selfs Paulus hiermee geworstel het.
- Hy begin deur die gesprek eintlik as oorbodig te beskryf.
 - Hy het reeds in die vorige hoofstuk al met die gemeente gepraat oor die gedagte van vrygewigheid en die oproep om te gee.
 - Paulus ken die gemeente in Korinte.
 - Daarom weet hy van hulle ywer om te wil gee.
 - Hy gebruik selfs hierdie ywer van die gemeente as 'n voorbeeld en 'n motivering vir die ander gemeentes in die omgewing om te gee.
- Paulus gaan so ver as om die lidmate van die ander gemeentes te vra om self te kom sien hoe ywerig die gemeente in Korinte is om te gee.
 - En dit is juis as gevolg hiervan dat Paulus hierdie gemeente nou aanspoor om daad by woord te sit.
 - Julle het nou julle ywer gewys om te gee, maar nou moet hierdie ywer oorgaan in daad.
 - Julle het gesê julle gaan gee, nou is die geleentheid – gee.
 - Paulus waarsku die gemeente dat dit vir hulle 'n verleentheid gaan wees as die gemeentelede van Masedonië daar kom en hulle is nie reg is om te gee nie.
- Daarom sê Paulus dat hulle die dankoffer in plek moet hê.
 - Dan is dit gereed.

- Dan hoef dit nie later 'n geskarrel te wees om alles reg te kry nie.
 - As hulle nou reeds gee, dan is dit werklik iets wat uit liefde en dankbaarheid kom.
 - As dit later geforseer moet word, beskryf Paulus dit as afpersing.
- Die gemeente word gemotiveer om te sien dat God se vrygewigheid ook in hulle werke na vore moet kom.
 - God is vrygewig.
 - In Genesis 1:27 lees ons dat God die mens goed en na Sy beeld geskep het.
 - Daarom kan ons verseker wees dat God ons ook vrygewig geskep het.
 - Die realiteit is dat die sondeval hierdie beeld skade gedoen het.
 - Ons vrygewigheid en liefde vir ons naaste kom nie vir ons so natuurlik nie.
 - Ons selfsug en liefde vir die eie ek is veel meer op die voorgrond.
 - En Paulus wil spesifiek hierteen waarsku.
 - Hy vat die gemeente terug na wie God is en wat hy doen.
 - Hy lig eerstens uit dat God 'n blymoedige gewer liefhet.
 - Die fokus is hier baie meer op die gesindheid as die optrede.
 - Eenvoudig gestel – God kyk na die hart, nie die syfer nie.
 - Daarom moet daar nie gegee word uit dwang of verpligting nie.
 - Die liefde moet eerstens in die hart sigbaar wees.
 - As die hart nie gee nie, beteken die verpligte gee dat daar nie liefde en vreugde is nie.
 - Dan herinner Paulus weer die gemeente se vrygewigheid maar saam met dit ook God se almag.
 - God is almagtig.
 - Hy kan gee in oorvloed.
 - Maar dis nie waar Paulus stop nie.
 - God kan gee in oorvloed sodat ons kan deel in daardie oorvloed sodat ons ook kan gee.
 - Paulus noem dit wel nie gee nie, maar bydra vir elke goeie werk.
 - Die goeie werke word nie verder beskryf nie, maar op hierdie stadium het verskeie gemeentes geld bymekaar gemaak om die gemeente in Judea by te staan waar hulle deur 'n hongersnood geteister word.
 - Maar die wonderlike is dat daar verskeie goeie werke is.
 - Daar is altyd geleentheid om by te dra en te gee sodat daar goeie werke gedoen kan word.
 - Paulus beskryf die liefdeswerk deur die beeld van 'n boer en 'n land te gebruik.

- God gee die saad.
 - Maar die saad moet geplant word, sodat daar groei kan wees.
 - Eers dan word daar 'n ryk oes gegee, sodat daar selfs meer gegee kan word.
 - So verseker Paulus die gemeente in Korinte, en ook vandag vir my en jou dat dit 'n werk van liefde en geloof is om te gee.
 - Liefde vir jou naaste deur hom of haar by te staan, maar ook vertrou op God dat jy glo God sal genoeg gee.
- Die samevatting van Paulus se oproep wys vir die gemeente hoekom daar gegee moet word.
 - In vers 13 verseker Paulus hulle dat God die eer sal kry wanneer hulle vrygewig gee.
 - Wanneer ons dan gee, kom die eer nie na ons toe nie.
 - Ons gebruik dit wat God aan elkeen van ons gee, om vir ander te gee sodat God die eer ontvang.
- God is vrygewig daarom is ons ook vrygewig omdat ons na God se beeld geskep is.
 - Daarom word ons opgeroep om vrygewig en blymoedig te gee.

Gee blymoedig

- Ons vrygewigheid word die duidelikste sigbaar in die manier wat ons gee.
 - Dit is nie net geldelik nie, maar ook in al die ander maniere wat die Here ons in staat stel om 'n bydra vir iemand te kan maak.
 - Dit sluit in ons tyd, geduld en omgee vir mekaar.
 - In al hierdie gevalle lê jou hart agter die manier wat daar gegee word.
- Paulus beskryf die manier van gee juis as die wyse waarop ons ons liefde wys.
 - 'n Hart wat daarom gee uit verpligting of dwang of watter negatiewe rede ook al, getuig van ongeloof, liefdeloosheid en 'n twyfel in God se sorg.
 - Daarom moet ons juis blymoedig gee.
 - 'n Blymoedige hart erken die vrygewigheid van die Here waarmee Hy daaglik vir ons sorg.
 - 'n Blymoedige hart besef dat sy oorfloed uit die hand van die Here kom.
 - 'n Blymoedige hart gee om God te verheerlik, nie vir sy eie eer nie.
- Paulus gee nie bedrae of riglyne vir hoeveel om te gee nie.
 - Maar deur die leiding van die Heilige Gees herinner Paulus die gemeente aan die kern van die evangelie.
 - Christus het self arm geword om vir ons 'n wonderlike rykdom te verkry aan die kruis.

- As ons dus nie in Christus is nie, as ons nie geloof het nie, as ons harte verhard is en ons eie selfsug die oorhand kry, is ons eintlik geestelik so arm dat geen aardse rykdom ons kan troos nie.
- Daarom is die feit dat ek en jy blymoedig kan gee 'n kosbare teken van die evangelie.
 - God het in sy oorvloed vir jou verlossing gegee.
 - En die kosbare realiteit is, dat jy dit nie kan weggee nie.
 - Jy het die evangelie gehoor en jy glo dit.
 - Die evangelie kan jy oor en oor gee en die wonderlike nuus is – dit word nie minder nie, dit raak nie op nie, en die eer kom die Here toe.
- Wanneer jy op 'n tasbare manier gee, getuig jy dat God vir jou gegee het.
 - Jy vat daardie persoon wat van jou af kry, na die voet van die kruis toe en wys vir hom die genade wat aan jou gegee is.

Slot:

- *“Just do it”*
 - Dit is die bekende slagspreuk van Nike.
 - Moenie dink nie – doen dit net.
 - Dikwels wil ons die manier wat ons gee op so 'n manier aan pak.
- Maar dit is nie wat die Here van my en jou vra nie.
 - Hy vra stop, dink.
 - Dink aan alles wat Ek vir jou gegee het.
 - Sien jou oorvloed raak.
 - Sien die genade raak.
 - En deur daardie selfde genade word ons harte so verander dat ons werklik blymoedig gee.
- Daarom het ons ook die kollekte in die diens.
 - Dit is nie maar 'n kans om vinnig geselsies in te haal nie.
 - Dit is nie 'n teken dat die erediens amper verby is nie.
 - Dit is 'n voorreg wat die Here aan ons gee om op 'n tasbare manier te gee.
 - Gelowig, vrygewig en blymoedig.
 - Sodat al die eer die Here toekom.